



MEd IN OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING INLIGTING

Programbeskrywing

Hierdie tweejaar- deeltydse program bied aan opvoeders en fasiliteerders wat in die formele en/of nie-formele sektor werkzaam is die geleentheid om kennis en vaardighede te ontwikkel ten einde die behoeftes aan ondersteuning en navorsing in 'n snel-veranderende Suid-Afrikaanse opvoedingskonteks te hanteer. Daar is drie fokusareas in die program: Inklusiewe onderwys, assessering en leerondersteuning; Hulpverlening in skool- en gemeenskapsverband; en Inleiding tot kwalitatiewe navorsingsmetodologie.

Die doel van die program

Hierdie gestruktureerde program poog om opvoeders toe te rus om die potensiaal van leerders met diverse opvoedkundige behoeftes in hulle unieke opvoedkundige konteks, wat formele en nie-formele opvoedkundige gemeenskappe kan wees, te identifiseer, asook om leerhindernisse wat in skole en gemeenskappe kan voorkom, te identifiseer, te voorkom en te ondersteun.

Die duur en aanbiedingswyse van die program

Die gestruktureerde program word oor 'n minimum van twee akademiese jare aangebied. Die wyse van aanbieding is kontakonderrig op kampus asook via die SUNLearn-platform. Die inname vir hierdie keuringsprogram word tweejaarliks gedoen. Voornemende studente doen voor 30 Junie van die voorafgaande jaar aansoek.

Toelatingsvereistes

1. 'n HonsBEd-graad of 'n ander vierjaar-baccalaureusgraad in Opvoedkunde wat deur die US Senaat goedgekeur is vir hierdie doel; of
2. 'n Honneursgraad op NKR vlak 8 wat goedgekeur is deur die US Senaat vir hierdie doel en 'n goedgekeurde Onderwysdiploma/-sertifikaat (addisionele studies in Opvoedkunde kan van hierdie kandidate vereis word);
3. 'n Algehele gemiddelde van 60% in HonsBEd of ekwivalente studie;
4. 'n Module in navorsingsmetodologie op honneursvlak geslaag;
5. 'n Minimum van twee jaar se formele onderrigervaring.

Aansoeke vir die 2018-inname sluit 30 Junie 2017

DOEN AANLYN AANSOEK: <http://t2000-05.sun.ac.za/eAansoeke/alg.jsp?TI=1>

Vir meer programinligting:

- Besoek <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Opvoedkunde.pdf>
- Kontak US Kliëntediens by info@sun.ac.za / 021 808 9111
- Kontak die Fakulteitsbeampte by eel@sun.ac.za / 021 808 4831 (huidige US-studente)
- Kontak die Departementele Administrateur, mev S Botha (sonjab@sun.ac.za / 021 808 2308), of die programkoördineerder, prof Doria Daniels (doria@sun.ac.za)
- Programkoste: Sien Jaarboek 2017 Deel 3 bladsy 18-19, besoek <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Studentegelde.pdf> of kontak US Studentegelde studentegelde@sun.ac.za | 021 808 4520
- Besoek die Departement Opvoedkundige Sielkunde se webtuiste by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/educational-psychology/Pages/default.aspx>